

Die belangrikheid van Geestelike Reinheid in Die Pad Vorentoe.

(Kernboodskap: Josua 7:10-15, veral verse 12,13 en 14)

1. Aanhef: Jopie Fourie se brief aan sy volk:

**Almagtige Hemelse Vader,
Geliefde Volksgenote,**

met die lees van Jopie Fourie se brief
roep ek in herinnering die gedagtenis
van die volgende martelare van ons volk
wat hier in ons Vaderland
vir hulle **GELOOF VERVOLG** is
en vir hulle **GELOOF GESTERF** het.

Hulle is:

1. Die manne van Slagtersnek,
2. Bobaas verkenner van die voortrekkers - Hans dons de Lange.
3. Al die vroue en kinders van die konsentrasie kampe.
4. Generaal De la Rey.
5. Jopie Fourie en Kaapse Rebelle.
6. Generaal Manie Maritz.
7. Dr. H.F. Verwoerd.
8. En ook elke ander volksgenoot
wat tot vandag toe
in die geloofstryd omgekom het.

Deur die bloed van die Lam
en die woord van hulle getuienis
het hulle die dier oorwin
en het hulle lewens tot die dood toe nie liefgehad nie.

Geliefde Volksgenote,

Jopie Fourie se brief gaan ek vir U voorlees,
beginnende in Nederlands in Jopie eie woorde,
dan gaan ek voort in Afrikaans
ter wille van sy boodskap aan ons.

Jopie Fourie het hierdie brief getiteld "Aan Mijn Volk"
Geskryf die dag voor sy teregstelling op 20 Desember 1914.

Getrouwe Afrikaners,
vrienden en vriendinnen,
bij de tijd dat gij dit schrijven ontvangt
dan is Jopie bij zijn Hemelse Vader.

Om vijf uur vertrek ik van hier
op de reis naar de eeuwigheid
met de getrouwe Leidsman en Vriend, Jesus.

**Ek het U veel te bedank vir die boom wat geplant is,
en wat met my bloed benat word.**

Dit sal opgroei tot 'n groot boom
En sal heerlike vrugte voortbring.

Wees getrou: aan U volk,
 aan U tradisies,
 aan U Godsdienst,
 en aan U God.

Die HERE sal U lei
en die weg wys waarheen U moet gaan,

Skryf op my grafsteen die woorde:
“Vir God en Vaderland”

Ek is nog jonk en my lewe is soet,

Maar dank God, Hy het my losgemaak!

Ek het niks wat my hinder nie,
 geen haat, geen liefde.

God sal vir my geliefde sorg,
aan God kom die wraak toe.

Getroue vriende en vriendinne,
Wees oortuig dat ek U simpatieke gebede waardeer.

Dit spyt my, dat ek U nie met 'n handdruk kan groet nie,

Maar God het dit anders gewil,

En Hy het aan my die krag gegee
om my aan Sy wil te onderwerp.

Dit is my laaste letters wat ek skryf,
wat vir U tot vermaning dien:

**Wees getrou tot die dood!
Wees getrou aan U tradisies,
Aan U volk, en aan U taal,**

God sal met U almal wees tot ons weersien!

Jopie

Geliefde Volksgenote,

Ons voorouers het **GELOOFSEVERVOLGING** geken.
Geloofsvervolging in Europa
het hulle na die Suidpunt van Afrika gedruk,
Geloofsonderdrukking het hulle van die Kaap gedruk
na die Noord-Kaap, Natal, ZAR, Vrijstaat, Suid-Wes en Angola.
Hierdie geloofstryd duur vandag nog voort!

In die pad vorentoe,
Is dit my bede tot U
dat ons die Almagtige Skepper met 'n Rein Hart en Rein Hande sal dien!
Wees getrou tot die dood,
soos Jopie Fourie ons vermaan het!

2. Ons volk se situasie vandag:

Geliefde Volksgenote,

Vandag beleef ons ongekende geweld
en onreg in ons land,

Hoe is dit moontlik?
Ons is dan 'n gelowige volk?

Is dit omdat daar nog soveel sonde gekoester word?

3. Bybelvoorbeelde - Israel verdelg die ban onder hulle uit:

Uit die geskiedenis
waar Israel saam met Josua
die Beloofdeland binnegetrek het,
is daar vir ons belangrike riglyne:

Eerstens - Josua pleit by die volk om die afgode uit hulle midde te verwyder.

Ons lees in Josua 24 verse 14 en 15
uit die Afrikaanse Ou Vertaling

Vrees dan nou die HERE,
en dien Hom in opregtheid en waarheid,
en verwyder die gode wat julle vaders gedien het
oorkant die Eufraat en in Egipte, en die HERE.

**Maar as dit verkeerd is in julle oë om die HERE te dien,
kies dan vir julle vandag wie julle wil dien:**

òf die gode wat julle vaders daar oorkant die Eufraat gedien het,
òf die gode van die Amoriete in wie se land julle woon;

maar ek en my huis, ons sal die HERE dien.

Twedens: Die HERE gee die opdrag dat die Ban onder Israel uit verdelg moet word!

Nadat Israel Jerigo verslaan het,
probeer Israel die stad Ai verslaan,
maar verloor die geveg,

hierna worstel Josua en die oudstes oor die saak...

Ons lees in Josua 7
verse 10 tot 15:

Jos 7:10 Toe sê die HERE aan Josua:
Staan op; waarom tog lê jy op jou aangesig?

Jos 7:11 Israel het gesondig
en het ook my verbond oortree wat Ek hulle opgelê het,
en ook geneem van die bangoed
en ook gesteel
en dit selfs heimlik by hulle goed gevoeg.

Jos 7:12 En die kinders van Israel sal nie kan standhou voor hulle vyande nie;
hulle sal hul vyande die rug gee,
omdat hulle self 'n ban geword het.
**Ek sal nie meer met julle wees
tensy julle die ban onder julle uit verdelg nie.**

Jos 7:13 Staan op!
**Heilig die volk en sê:
Heilig julleself teen môre;**
want so sê die HERE, die God van Israel:
Daar is 'n ban in jou midde, Israel!
**Jy sal nie kan standhou voor jou vyande
totdat julle die ban onder julle uit verwyder het nie.**

Jos 7:14 Kom dan môre vroeg aan volgens julle stamme;
en die stam wat **die HERE deur die lot aanwys**,
moet aankom volgens die geslagte;
en die geslag wat die HERE aanwys,
moet aankom volgens die huisgesinne,
en die huisgesin wat die HERE aanwys,
moet aankom man vir man.

Jos 7:15 En hy wat in besit van die bangoed aangewys is,
moet met vuur verbrand word,
hy met alles wat aan hom behoort,
omdat hy die verbond van die HERE oortree
en 'n skanddaad in Israel begaan het.

Geliefde Volksgenote,

Uit hierdie gedeeltes sien ons:

dat Israel nie kon stand hou
indien daar enige ongeregtheid in hulle midde was nie,

Ons Hemelse Vader het geen behae in enige sonde of ongeregtheid nie!

Nog 'n voorbeeld is - toe Jonathan, Saul se seun,
as BAN met die lot uitgewys is
nadat hy heuning geëet het, tydens die geveg met die Filistyne.

Ons sien verder dat **REINIGING** in Israel 'n belangrike gebruik was.
In 2 Kronieke 29 sien ons dat Hiskia die Tempel laat reinig
deur alle onreinheid uit die tempel te verwyder.

In Jesaja 58 roep die HERE Israel op tot 'n lewe van geregtigheid:

- Jes 58:1 Roep uit die keel, hou nie terug nie,
verhef jou stem soos 'n basuin!
**En verkondig aan my volk hulle oortreding
en aan die huis van Jakob hulle sondes.**
- Jes 58:2 **Wel soek hulle My dag vir dag
en het 'n behae in die kennis van My weë!**
**Soos 'n nasie wat geregtigheid doen
en die reg van sy God nie verlaat nie,
vra hulle My na die regverdige verordeninge;
hulle het 'n behae in die toenadering tot God.**
- Jes 58:3 Waarom vas ons, en U sien dit nie?
Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie? —
Kyk, op die dag as julle vas,
soek julle geleentheid om sake te doen,
en julle jaag al jul arbeiders aan.
- Jes 58:4 Kyk, om te twis en te kyf, vas julle,
en om te slaan met misdadige vuis;
julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie.
- Jes 58:5 Is dit die vas wat Ek verkies,
die dag as die mens sy siel gaan kwel:
dat hy sy hoof buig soos 'n biesie
en sak en as uitsprei om sy bed te wees?
Noem jy dit vas en 'n dag wat die HERE welgevallig is?
- Jes 58:6 **Is dít nie die vas wat Ek verkies nie:
dat julle losmaak die bande van goddeloosheid,
dat julle afhaal die stroppe van die juk
en vry laat weggaan die verdruktes
en elke juk stukkend breek?**

- Jes 58:7 **Is dit nie dat jy jou brood breek
vir hom wat honger het,
en ellendiges, swerweling in die huis inbring nie?**
- As jy iemand sien wat naak is,
dat jy hom klee,
en jou vir jou eie vlees nie verberg nie?**
- Jes 58:8 **Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad
en jou genesing skielik uitspruit;
en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan,
die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees.**
- Jes 58:9 Dan sal jy roep,
en die HERE sal antwoord;
jy sal skreeu om hulp,
en Hy sal sê: **Hier is Ek!**
- As jy van jou verwyder die verdrukking,**
die uitsteek van die vinger
en die leuenagtige woord,
- Jes 58:10 en jou siel laat uitgaan na die hongerige,
en die neergeboë siel versadig;
- dan sal jou lig opgaan in die duisternis
en jou donkerheid wees soos die middag.
- Jes 58:11 En die HERE sal jou gedurigdeur lei
en jou siel versadig in dor plekke
- en jou gebeente sterk maak;
en jy sal wees soos 'n tuin wat goed besproei is
- en soos 'n fontein van waters
waarvan die water nooit teleurstel nie.
- Jes 58:12 En die wat uit jou voortkom,
sal die ou puinhope bou;
- die fundamente van vorige geslagte sal jy oprig,
en jy sal genoem word:
- Herbouer van gebreekte mure,
hersteller van paaië, om bewoonbaar te maak.
- Jes 58:13 As jy jou voet terughou van die sabbat—
- om nie jou sake op My heilige dag te doen nie,
en as jy die sabbat 'n verlustiging noem
en die heilige dag van die HERE hooghou;
en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie,
nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie;
- Jes 58:14 dan sal jy jou verlustig in die HERE,
en Hy sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde
en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob;
want die mond van die HERE het dit gespreek.

Geliefde Volksgenote,

1. Ons volk lê ook vandag verslae op ons aangesigte, net soos die geval was met Josua,
2. Ons volk soek ook die Almagtige God dag vir dag,
3. Ons het ook 'n behae in die kennis van Sy weë!
4. Ons is ook soos 'n nasie wat geregtigheid doen,
5. Ons verlaat ook nie die reg van ons God nie,
6. Ons vra ook na God se regverdige verordeninge,
7. Ons het ook 'n behae in die toenadering tot God,
8. **Ons bid, ons vas en ons ween, maar ons breek nie in oorwinning deur nie!**

Geliefde Volksgenote,

ek doen 'n beroep op elkeen van U:

1. Kom ons sorg dat die **BLOED VAN DIE LAM** aan die deurposte van ons harte is!
2. Kom ons doen ernstige selfondersoek:

Vra Uself die vrae af:
 - Tot watter mate behaag my lewe die Almagtige Hemelse Vader?
 - Hoeveel sonde koester ek nog in my lewe?
3. Kom ons lewe 'n lewe van Geregtigheid voor die Aangesig van ons Skepper,
4. Kom ons maak klaar -
 - **met die sonde,**
 - **met geestelike onreinheid,**
 - **met geheime agendas,**
 - **met enige gemeenskap met die duisternis,**
5. Kom ons doen alles Geestelik en Fisies wat God-3-Enig behaag
6. Kom ons verwyder alles Geestelik en Fisies uit ons lewens wat God-3-Enig nie behaag nie.
7. Kom ons stap so die **Pad Vorentoe in Geestelike Reinheid.**
8. Kom ons erken van vandag af

Jahshua HaMashiagh/Jesus Christus as Koning in ons lewens

en leef van vandag af 'n **THEOKRATIESE LEWENSWANDEL,**

wat sal lei tot 'n **THEOKRATIESE BEDELING** vir ons nageslag

wanneer ons guns gevind het in die Oë van die Almagtige Skepper.

Geliefde Volksgenote,

**Indien ons dan 'n THEOKRATIESE LEWENSWANDEL vandag kies,
Laat ons dan elke BAN uit ons midde verwyder!**

Ek sluit af met Hebreers 12 vers 1 tot 2.

Daarom dan,

terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het,

**laat ons ook elke LAS aflê
en die SONDE wat ons so maklik omring,
en met volharding die wedloop loop
wat voor ons lê,**

die oog gevestig op ons Jahshua HaMashiagh/Jesus Christus,
die Leidsman en Voleinder van die geloof,...

HalleluJaH.

Amen.